SAKE 24 (Beeld)
Friday, 21 May 2010, p. 2

Grindrod koop brandstofhandelaar

Die skeepsgroep Grindrod het 'n skeepsbrandstofhandelaar in Nederland, Associated Bunker Oil Contractors (ABC), vir 'n onbekende bedrag gekoop.

ABC, met sy hoofkantoor in Rotterdam, het vier tenkskepe wat skeepsbrandstof aan skepe in die hawens van Amsterdam, Rotterdam en Antwerpen lewer.

Mnr. Laurence Stuart-Hill, direkteur van Grindrod, sê die uitbreiding van sy skeepsbrandstofdiens na Europa steun sy strategie van uitbreiding na internasionale en nismarksektore.

Grindrod het reeds drie skeepsbrandstoftrekskuite onder langtermynkontrak met oliemaatskappye in Suid-Afrika.

Die groep besit Cockett Marine, wat handel dryf in skeepsbrandstof en verteenwoordiging het in groot internasionale hawens.

Grindrod se aandeelprys het gister gely onder die algemene insinking in die mark en met byna 10% tot R14,02 getuimel.

Twee makelaars op McGregor-BFA se makelaarskonsensus beveel aan dat Grindrod-aandele gehou word en een dat die aandeel gekoop word. – **Francois Williams**